



basic education

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015**  
**ASSESSERINGSRIGLYNE**  
**WISKUNDE: AFRIKAANS**  
**GRAAD 2**

## **INLEIDING**

Die 2015 Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse (JNA 2015) sal administreer word in alle openbare en geïdentifiseerde privaatskole in September 2015. Alle graad 1–3 leerders sal gedurende hierdie tydperk nasionale toetse in Huistaal en Wiskunde aflê. Die resultate van hierdie toetse sal gebruik word om te rapporteer oor vordering wat verband hou met die mylpale wat bereik moet word soos uiteengesit in die “*Action Plan 2015 Towards Schooling 2025*”.

Die JNA toetse sal gedurende die derde skoolkwartaal geskryf word en daarom het die Departement van Basiese Onderwys Assesseringsriglyn dokumente saamgestel wat van toepassing is op elke graad en vak (Huistaal en Wiskunde), wat die minimum kurrikuluminhoud uiteenset wat vooraf deur leerders gedek moet word, voordat die toets afgeskryf word. Die Assesseringsriglyne bepaal die omvang van die werk vir elke graad en vak wat in die toets gedoen moet word. Die riglyne bepaal die raamwerk vir die werk wat gedek moet word per graad en per vak. Die 2015 JNA is ontwikkel in ooreenstemming met die kurrikulum wat in die fase geïmplementeer moet word.

## **GRONDSLAGFASE**

Die toetse sal saamgestel word uit die voorgeskrewe kurrikulum van Graad 1-3 vir kwartale een tot drie van die skooljaar. Die riglyne vir hierdie grade is saamgestel en georganiseer in drie kolomme en rye. In die eerste kolom word die inhoudsarea wat geassesseer moet word gespesifiseer. In die tweede kolom word die onderwerp wat geassesseer moet word uiteengesit en in die derde(laaste) kolom word die vaardighede wat assesseer moet word uiteengesit.

Let wel, die JNA 2015 Assesseringsriglyne impliseer nie dat slegs die afgebakende werk deur die skooljaar onderrig en geleer moet word nie. Intendeel, die Assesseringsriglyne voorsien die basiese minimum kurrikulum wat teen die einde van die derde kwartale gedek moet word.

Van Opvoeders word verwag om die Assesseringsriglyne tesame met ander hulpbronne vir hul onderrig en Assesseringprogramme te gebruik.

INHOUDSAREA	ONDERWERPE	<b>VAARDIGHEDE/BEVOEGDHEDE</b> <b>Om leerders te assesser om te bepaal of hulle in staat is om:</b>
<b>Getalle, bewerkings en verwantskappe</b>	Tel aan en terug	Tel in 1e, 10e, 5e, 2e,3e en 4e vanaf enige getal tussen 0- 180
	Getalsimbole en getalname	Skryf getalsimbole 0 – 180 Skryf getalname 0 – 7 5
	Beskryf, vergelyk en orden getalle	Vergelyk heelgetalle en gebruik woordeskat soos kleiner as, groter as, meer as, minder as en is gelyk aan  Orden heelgetalle van die kleinste tot die grootste en van die grootste tot die kleinste
	Plekwaarde	Ontbinding van twee- syfergetalle in veelvoude van tiene en ene/eenhede Identifiseer en noem die waarde van elke syfer/getal
	Probleemoplossingstegnieke	<ul style="list-style-type: none"> <li>- tekeninge</li> <li>- Verdubbeling en Halvering</li> <li>- Opbou en afbreek van getalle</li> <li>- Teken getallelyne</li> </ul>
	Optelling en aftrekking	Gebruik gepaste simbole (+, -, □, =) Optelling tot 75 Aftrekking vanaf 75
		Los woordprobleme in konteks op en verduidelik eie oplossings vir probleme deur gebruik te maak van optelling en aftrekking tot 75
	Herhaalde optelling wat lei tot vermenigvuldiging	Vermenigvuldig getalle 1 - 10 met 2, 5 en 4 Gebruik gepaste simbole (+, -, □, =)
		Los woordprobleme in konteks op en verduidelik eie oplossings vir probleme deur gebruik te maak van herhaalde optelling wat lei tot vermenigvuldiging tot 40
	Groepeer en sorteer	Los woordprobleme op wat gelyke deling en groepering insluit met heelgetalle en wat antwoorde met 'n res insluit tot 40
Breuke	Herken breuke in diagramvorm Gebruik en benoem breuke insluitende halwes, kwarte, derdes en vyfdes	

INHOUDSAREA	ONDERWERPE	VAARDIGHEDE/BEVOEGDHEDE <b>Om leerders te assesser om te bepaal of hulle in staat is om:</b>
	Geld	Skryf breuke as 1 half, 2 derdes Los geldprobleme op met totale en kleingeld in sente tot 75c en rande tot R75 Herken en identifiseer die Suid Afrikaanse munte 5c, 10c, 20c, 50c, R1, R2, R5 en banknote R10, R20, R50
<b>Patrone, Funksies en Algebra</b>	Meetkundige patrone	Kopieer en brei eenvoudige patrone uit deur gebruik te maak van lyne teken, vorms of voorwerpe
	Getalpatrone	Kopieer en brei eenvoudige getalpatrone uit tot ten minste 180 deur aantal en terugtel in: <ul style="list-style-type: none"> <li>- 1e vanaf enige getal tussen 0 – 180</li> <li>- 2e vanaf enige veelvoud van 2 tussen 0 – 180</li> <li>- 3e vanaf enige veelvoud van 3 tussen 0 – 180</li> <li>- 4e vanaf enige veelvoud van 4 tussen 0 – 180</li> <li>- 5e vanaf enige veelvoud van 5 tussen 0 – 180</li> </ul>
<b>Ruimte en Vorm</b>	Posisie, orientasie en aansig	Volg aanwysings om in die klaskamer rond te beweeg
	3-D voorwerpe	Herken en benoem 3-D voorwerpe in prentjies <ul style="list-style-type: none"> <li>- balvorm, (sfere)</li> <li>- boksvorm (prisma)</li> <li>- silinders</li> </ul> Identifiseer en beskryf meetkundige en alledaagse voorwerpe deur te sê watter is gevorm soos 'n bal, boks en silinder Vergelyk 3-D voorwerpe in terme van:grootte, voorwerpe wat rol en voorwerpe wat gly
	2-D vorms	Herken en benoem 2-D vorms: <ul style="list-style-type: none"> <li>- sirkel</li> <li>- driehoek</li> <li>- vierkant</li> <li>- reghoek</li> </ul> Vergelyk 2-D vorms in terme van grootte, kleur, vorms, reguit sye en ronde sye

INHOUDSAREA	ONDERWERPE	VAARDIGHEDE/BEVOEGDHEDE <b>Om leerders te assesser om te bepaal of hulle in staat is om:</b>
	Simmetrie	Herken en teken die lyn van simmetrie in 2-D meetkundige en nie-meetkundige vorms
<b>Massa</b>	Tyd	Benoem en orden dae van die week Benoem en orden maande van die jaar Lees 12-uur tyd in ure, half ure en kwart ure op analooghorlosie Bereken die lengte van tyd en tydsverloop
	Kapasiteit	Meet, vergelyk en orden en rekordeer die kapasiteit van houers (bv. die hoeveelheid wat die houer kan vat as dit gevul is) deur gebruik te maak van nie-standaard mates bv. lepels en koppies Meet, vergelyk, orden en rekordeer die kapasiteit van voorwerpe, deur te meet in in liters en gebruik te maak van: - bottels met 'n kapasiteit van 1 liter en - 'n maatbeker met genommerde kalibrasielyne in liters
	Massa	Meet, vergelyk, orden en rekordeer massa deur gebruik te maak van 'n balanseerskaal en nie-standaard maat-eenhede bv. blokke, bakstene, ens. Gebruik woordeskat om te praat oor die vergelyking bv. lig, swaar, ligter, swaarder
<b>Datahantering</b>	Voorstel, analiseer en interpreter data	Stel data voor in prentdiagramme met een-tot-een afparing Beantwoord vrae oor data in prentdiagramme met een-tot –een afparing